



NOODHULPBELEID

1 Siektes

- 1.1 Leerlinge rapporteer eerstens by hulle klasonderwyser as hulle ongesteld is.
- 1.2 Die klasonderwyser stuur hulle saam met 'n maatjie na die, noodhulpbeampte. Indien u van mening is dat dit ernstig is, vergesel self die kind na die noodhulpkantoor.
- 1.3 Die noodhulpbeampte skandeer die leerder, en indien nodig, bel sy die ouer.
- 1.4 Die ouer neem die besluit wat gedoen moet word, waarna die klasonderwyser ingelig word. Geen leerder mag self sy ouers skakel nie.
- 1.5 Terwyl daar vir die ouer gewag word, wag die siek leerder in die voorportaal of hy/sy lê op die bedjie in die boekestoor.
- 1.6 Geen leerder mag buite, op die stoep, vir sy ouer wag nie.
- 1.7 Medikasie sal slegs met die toestemming van die ouer toegedien word.
- 1.8 Indien 'n ouer nie opgespoor kan word nie, sal die noodhulpbeampte die kind na die naaste beskikbare dokter of hospitaal neem.

2 Beserings

- 2.1 Dit is die noodhulpbeampte se taak om die beseerde leerder hiermee te help. Die gebruik van steriele handskoene, water en die regte ontsmettingsmiddels en -materiaal is van kardinale belang en moet te alle tye gebruik word. In geval van bloed mag, geen leerder sy maatjie help om die wond te ontsmet of die bloeding te stop nie. (MIV risiko en ander verwante siekte wat deur bloedkontak oorgedra kan word)
- 2.2 Leerders wat beseer is moet deur hulle klasonderwyser gehelp word, en in die geval van pouses, deur die toesigpersoneel. In die geval van bloed behoort die onderwyser ook steriele handskoene te gebruik. Die kind kan ook dadelik na die noodhulpbeampte, wat oor die nodige noodhulptoerusting beskik, geneem word.
- 2.3 Moet nooit 'n diagnose maak nie. Die noodhulpbeampte skakel die ouer en verduidelik wat gebeur het. U kan hoogstens 'n aanbeveling maak. Laat die ouer die finale besluit neem.
- 2.4 Alle ernstige beserings, ook na skoolure en tydens sportaktiwiteite, moet gerapporteer en in die register by mev Snyman aangeteken word.

3 Kontak sport

- 3.1 Dit is die verantwoordelikheid van die aktiwiteitshoof om toe te sien dat daar te alle tye gekwalifiseerde noodhulp by wedstryde is. (Rugby, netbal en hokkie)

4 Toere en uitstappies

- 4.1 Die toerorganiseerders moet sorg dat daar 'n volledige toegeruste Noodhulptassie saam geneem word.
- 4.2 Ouers moet die voorgeskrewe mediese vorm, waarop die nodige toestemming vir mediese hulp gegee word, voltooi en dit moet saam geneem word op die toer. Allergië moet ook aangedui word. (Vorm by Sporthoof beskikbaar)

5 Toedien van medikasie

- 5.1 'n Opvoeder mag slegs met die skriftelike toestemming van die ouer medikasie aan 'n kind gee. Die naam van die medikasie moet ook vermeld word. Plaas die bewys in persoonlike-lêer.

6 Noodhulptoerusting

- 6.1 Die noodhulpbeampte is verantwoordelik vir die noodhulpbegroting en die aankoop van die basiese noodhulptoerusting wat die skool benodig.
- 6.2 Noodhulptasse moet elke kwartaal, of soos nodig, aangevul word sodat dit voldoen aan die voorskrigte van die SA Noodhulpdienste.

7. Middagstudie

- 7.1 Die noodhulpbeampte moet toesien dat die middagstudie oor in besit is van 'n goed toegeruste noodhulptas en dat die middagstudiepersoneel kennis dra van die beleid.

8. Graad R

- 8.1 Bogenoemde geld waar van toepassing.
- 8.2 Gr R het eie noodhulppersoneel en kantoor.

GOEDGEKEUR DEUR DIE BESTUURSPAN OP 2016-01-11



Skoolhoof